



GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
NOVEMBER 2018
GRAAD 9

**EKONOMIESE EN BESTUURS-
WETENSKAPPE**

TYD: 2 uur

PUNTE: 200

19 bladsye

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN**

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

TYD: 2 uur

PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A, AFDELING B, AFDELING C en AFDELING D en is gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk volgens die CAPS dokument.

AFDELING A: ALLE ONDERWERPE

VRAAG 1.1:	Meervoudigekeuse-vrae	(20)
VRAAG 1.2:	Pasitens	(20)
VRAAG 1.3:	Woordkeuse	(10)
VRAAG 1.4:	Waar of Onwaar	(10)
		[60]

AFDELING B: DIE EKONOMIE

VRAAG 2:	Ekonomiese stelsels	(10)
VRAAG 3:	Ekonomiese kringloop	(10)
VRAAG 4:	Prysteorie	(10)
VRAAG 5:	Vakbonde	(10)
		[40]

AFDELING C: FINANSIËLE GELETTERDHEID

VRAAG 6:	Joernale, Grootboeke en Rekenkundige Vergelyking	(39)
VRAAG 7:	Grootboeke	(12)
VRAAG 8:	Proefbalans	[9]
		[60]

AFDELING D: ENTREPRENEURSKAP

VRAAG 9:	Ekonomiese sektore	(14)
VRAAG 10:	Besigheidsfunksies	(12)
VRAAG 11:	Besigheidsplan	(14)
		[40]

2. AL die vrae is verpligtend.
 3. Beantwoord AL die vrae (**Afdeling A – D**) in die **ANTWOORDBOEK** wat verskaf is.
 4. Skryf netjies en leesbaar.
 5. Die gebruik van 'n nie-programmeerbare en nie-grafiese sakrekenaar is toelaatbaar.

AFDELING A**VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verskeie opsies word verskaf as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die regte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.

1.1.1 Die brondokument wat gebruik word wanneer 'n debiteur goedere terugbring word 'n ... genoem.

- A tjekteenblad
- B debietnota
- C kredietnota
- D duplikaatfaktuur

(2)

1.1.2 'n Maatskappy het 'n aanlyn-veldtog waarin hulle inligting met die publiek deel oor die hoeveelheid werksgeleenthede wat hulle skep en die mededingende vergoedingstruktuur vir hulle werkers.

Die volgende departement is verantwoordelik vir die bestuur van die veldtog:

- A Openbare betrekkinge
- B Bemarking
- C Menslike hulpbronne
- D Finansies

(2)

1.1.3 Die volgende industrie is deel van die primêre sektor van ons ekonomie:

- A Konstruksie
- B Handel
- C Bankwese
- D Bosbou

(2)

1.1.4 In die Algemene Grootboek word die ... gebruik om die akkuraatheid van die dubbelinskrywing na te gaan en te bepaal of 'n fout gemaak is.

- A kontantontvangstejoernaal
- B debiteurgrootboek
- C algemene grootboek
- D proefbalans

(2)

- 1.1.5 Brood en botter is komplementêre goedere. As die prys van botter geweldig styg, sal ...
- A die vraag na brood toeneem.
 - B daar geen verandering in die vraag na brood wees nie.
 - C die aanbod van botter sal afneem
 - D die vraag na botter sal afneem. (2)
- 1.1.6 Die onderneming gebruik 'n konstante wins-opslag van 50% op kosprys. Bereken die **verkoopsprys** as die kosprys R3 600 is:
- A R2 400
 - B R1 800
 - C R5 400
 - D R7 200 (2)
- 1.1.7 Die bemarkingsplan van die onderneming moet die volgende bevat:
- A Aanvangskapitaal
 - B Teikenmark
 - C Gelykbreekpunt
 - D Al die bogenoemde (2)
- 1.1.8 Watter van die volgende stelling(s) is korrek? In 'n geslote ekonomie ...
- A is die buitelandse sektor nie betrokke nie.
 - B is die huishoudings, regering en besighede die enigste deelnemers.
 - C is die huishoudings, regering en buitelandse sektor die deelnemers.
 - D is beide A en B korrek. (2)
- 1.1.9 'n Vakbond is 'n ...
- A groep persone wat die organisasie bestuur.
 - B organisasie wie se lede aan 'n spesifieke industrie behoort met die doel om die belange van die werkers te beskerm.
 - C organisasie wie se lede die eienaars van ondernemings is.
 - D politieke party in Suid-Afrika. (2)
- 1.1.10 Die volgende rekeninge sal geaffekteer word as goedere op krediet verkoop word.
- A Bank, Verkope, Koste van Verkope en Handelsvoorraad
 - B Debiteurekontrole, Verkope, Koste van Verkope en Handelsvoorraad
 - C Bank, Verkope en Koste van Verkope
 - D Debiteurekontrole, Verkope en Koste van Verkope (2)

[20]

1.2 PASITEMS

Pas die beskrywing in KOLOM B by die korrekte term in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A – J) langs die vraagnommer (1.2.1. – 1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Markewewig	A	'n Diagram wat die bestuurstrukture van die organisasie aandui asook die verskillende vlakke van die werkers
1.2.2	Algemene grootboek		
1.2.3	Staking	B	Die verskil tussen die kosprys en die verkoopsprys
1.2.4	Ekonomiese stelsel	C	Die persoon wat die tjek onderteken
1.2.5	Huishouding	D	Waar die hoeveelheid gevra en die hoeveelheid aangebied gelyk aan mekaar is
1.2.6	Trekker		
1.2.7	Insette	E	Wanneer werkers besluit om hulle arbeid te weerhou
1.2.8	Winsopslag	F	'n Kombinasie van die produk, prys, plek en promosie om die behoeftes van die teikenmark te bevredig
1.2.9	Bemarkingsmengsel	G	Verwys na die wyse waarvolgens 'n land sy ekonomie bestuur
1.2.10	Organogram	H	Besit die produksiefaktore en verkoop dit aan die regering en besighede
		I	'n Opsomming van al die transaksies aangeteken in die joernal.
		J	Al die items wat benodig word om die produk te vervaardig of diens te lewer

[20]

1.3 KIES DIE REGTE WOORD

Kies die regte woord uit die onderstaande woordbank en voltooi die stellings wat volg. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Nasionale Kredietwet; gemengde ekonomie; kollektiewe bedinging; grondwet; beplande ekonomie; ewewigspunt; globale ekonomie; gelykbreekpunt

- 1.3.1 Die ... is die ekonomie van die werêld wat gevorm word omdat die nasionale ekonomieë onderling verbind is en mekaar beïnvloed. (2)
- 1.3.2 Die punt waar ondernemings genoeg verdien om hulle produksiekoste te dek, word die ... genoem. (2)
- 1.3.3 Die ... is wetgewing waarvolgens die toestaan van krediet aan verbruikers gereguleer word. (2)
- 1.3.4 'n ... dui op 'n kombinasie van private en staatsbesit van produksiefaktore. (2)
- 1.3.5 ... is die proses waarvolgens werkers en werkgewers gesamentlik onderhandel oor salarisse en diensvoorwaardes. (2)

[10]

1.4 WAAR OF ONWAAR

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs **WAAR** of **ONWAAR** langs die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

- | | | |
|-------|---|-------------|
| 1.4.1 | Die visie van 'n onderneming gee duidelikheid oor wat die onderneming poog om te bereik. | (2) |
| 1.4.2 | Konstruksie vorm deel van die tersiêre sektor. | (2) |
| 1.4.3 | Die rekeningstate wat maandeliks aan debiteure gestuur word, word opgestel volgens die inligting in die algemene grootboek. | (2) |
| 1.4.4 | Die aankoopfunksie is verantwoordelik vir die aankoop van alle rou materiale en finale goedere wat die onderneming benodig om te kan funksioneer. | (2) |
| 1.4.5 | Die totaal van die Koste van Verkope kolom in die Kontantontvangste-joernaal, word oorgeboek na die Bankrekening in die Algemene Grootboek. | (2) |
| | | [10] |


TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

DIE EKONOMIE

VRAAG 2 – EKONOMIESE STELSELS

2.1 Bestudeer die volgende prentjie voordat die vrae beantwoord word.



'THE SAME BOAT'

[Bron: Google Images]

2.1.1 Identifiseer die ekonomiese stelsel in die bostaande prentjie. (2)

2.1.2 Bespreek EEN nadeel van hierdie ekonomiese stelsel. (2)

2.2 Kies die korrekte woord tussen hakies:

Suid-Afrika se ekonomie is 'n voorbeeld van 'n (mark / gemengde) ekonomiese stelsel. (2)

2.3 Bespreek die eienskappe van 'n gemengde ekonomiese stelsel onder die volgende opskrifte. Voltooi die tabel in jou ANTWOORDBOEK.


Wie neem die ekonomiese besluite?	Hoe word hulpbronne toegeken?

(2x2)

(4)
[10]

VRAAG 3 – EKONOMIESE KRINGLOOP

Bestudeer die volgende diagram voordat die vrae beantwoord word.



[Bron: Eksaminator se diagram]

- 3.1 Definieer die term *ekonomiese kringloop*. (3)
- 3.2 Identifiseer die ekonomiese deelnemers **A**, **B** en **C** volgens die punte in die diagram. (3)
- 3.3 Gee EEN voorbeeld van 'n openbare diens wat deur die regering aan ondernemings en besighede gelewer word. (2)
- 3.4 Regverdig die belangrikheid van die produksiefaktore in die ekonomiese kringloop. (2)

[10]

VRAAG 4 – PRYSTEORIE

Lincoln verkoop Nike-tekkies aan plaaslike ondernemings en individue.



[Bron: : Google Images]

Die volgende tabel verteenwoordig die vraag- en aanbodskeodule van Lincoln Tekkies.

Prys van tekkies (in Rand)	Hoeveelheid gevra (getal pare)	Hoeveelheid aangebied (getal pare)
R100	250	50
R200	200	100
R300	150	150
R400	80	200

- 4.1 Gebruik die gegewe inligting van Lincoln Tekkies om 'n vraag- en aanbodkromme op dieselfde assesstelsel te teken en te benoem. (5)
- 4.2 4.2.1 Noem die punt waar die vraag- en aanbod-krommes ontmoet. (1)
- 4.2.2 Wat is die prys by die punt waarna daar verwys word in Vraag 4.2.1? (1)
- 4.2.3 Gee die hoeveelheid by die punt waarna daar verwys word in Vraag 4.2.1. (1)
- 4.3 Die wet van aanbod verwys na prys en die impak wat dit op die hoeveelheid aangebied het. Beskryf EEN faktor, afgesien van prys, wat die vraag na 'n produk bepaal. (2)

[10]

VRAAG 5 – VAKBONDE

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Vakbonde word hoofsaaklik gestig om die regte van werkers te beskerm en te bevorder in die werksplek. Hulle fokus hoofsaaklik op onderhandelings met die werkgewers namens hulle lede. Hierdie onderhandelings lei dikwels daartoe dat werkers en vakbonde stakings uitroep om te protesteer teen onregverdigde arbeidspraktyke, werksomstandighede en lae lone. Hierdie optogte of stakings het 'n negatiewe invloed op besighede en die Suid-Afrikaanse ekonomie a.g.v verlore werksure en verlies aan inkomste. Dit skep ook die indruk van onstabiliteit in die land wat buitelandse beleggers kan afskrik. Besigheidskontrakte kan beëindig word wat daartoe sal lei dat besighede toemaak en meer werkloosheid veroorsaak. Werkers het gewoonlik 'n verlies aan inkomste vir die duur van die staking, sloerstaking en wegbly-aksie, omdat die "geen werk, geen geld"-reël geld. Na 1990 het die regering die volgende wette in plek gestel om die regte van werkers te beskerm: Die Wet op Arbeidsverhoudinge, die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, die Wet op Gelyke Indiensneming en die Wet op Ontwikkeling van Vaardighede.

- 5.1 Noem die wet wat die prosedure vir werkers uiteen sit om te volg as hulle 'n staking wil uitroep. (2)
- 5.2 Noem EEN rede vir industriële aksie. (2)
- 5.3 Verduidelik die negatiewe impak van stakings en wegbly-aksies op besighede. (2)
- 5.4 Onderskei tussen 'n *wegbly-aksie* en 'n *sloerstaking*. (2x2) (4)

[10]



[SOURCE: Google Images]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C

FINANSIËLE GELETTERDHEID

VRAAG 6 – JOERNALE, GROOTBOEKE EN REKENKUNDIGE VERGELYKING

Jy word voorsien van transaksies uit die boeke van Penny Blommeboetiek. Penny is die eienaar van die besigheid wat vars en kunsblomme verkoop teen 'n winsopslag van 60% op kosprys.

VEREISTES:

Teken die volgende transaksies in die korrekte joernale aan:

- | | | |
|-----|---|-----|
| 6.1 | Kontantontvangstejoernaal met ontledingskolomme vir Ontleding van Ontvangste; Bank; Verkope; Koste van Verkope; Debiteurekontrole en Diverse Rekeninge. | (9) |
| 6.2 | Kontantbetalingsjoernaal met ontledingskolomme vir Bank; Handelsvoorraad; Krediteurekontrole en Diverse Rekeninge. | (5) |
| 6.3 | Debiteurejoernaal met ontledingskolomme vir Verkope en Koste van Verkope. | (5) |
| 6.4 | Debiteure-afslagjoernaal met ontledingskolomme vir Debiteure-afslag en Koste van Verkope. | (5) |
| 6.5 | Krediteurejoernaal met ontledingskolomme vir Krediteurekontrole; Handelsvoorraad en Diverse Rekeninge. | (3) |
| 6.6 | Stel die rekening van Rivonia Tuine saam in die Krediteuregrootboek. | (6) |

BELANGRIK : MOENIE die joernale afsluit op 30 September 2018 nie.

TRANSAKSIES VIR SEPTEMBER 2018:

- 02 Reik faktuur 27 uit aan City Events vir die kunsblomme wat op krediet aan hulle verskaf is, R4 120.
- 04 Koop voorraad ter waarde van R11 400 op rekening van Rivonia Tuine, ontvang faktuur 76. (hernommer Z12)
- 07 City Events stuur van die kunsblomme terug, R1 360. Dit is nie volgens die voorbeeld nie. Reik kredietnota 48 uit.
- 13 Reik tjek 77 aan Multiflora.Co vir handelsvoorraad aangekoop, R9 300.
- 25 Stuur 'n tjek vir R5 500 aan Rivonia Tuine as gedeeltelike betaling van die bedrag verskuldig aan hulle.
- 30 Verkoop blomme vir kontant, R5 360. (KRR 29)

Ontvang 'n tjek van City Events vir die volle vereffening van hulle rekening vir die maand. Reik kwitansie 93 uit.

6.7 REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

Dui die effek van die volgende transaksie aan op die elemente van die rekeningkundige vergelyking.

Die eienaar wissel 'n tjek vir R 3 500 om sy seun se skoolfonds te betaal.

(6)
[39]

VRAAG 7 – ALGEMENE GROOTBOEK

Jy word voorsien van die volgende inligting uit die boeke Temba Handelaars.

VEREISTES:

- 7.1 Boek die volgende voltooide joernale oor na die gedeeltelik voltooide Handelsvoorraad rekening in die Algemene Grootboek.
- 7.2 Balanseer die rekening aan die einde van Junie 2018.

INLIGTING:

- **Beginsaldo:** Handelsvoorraad R 5 880

JOERNALE:

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN TEMBA HANDELAARS VIR JUNIE 2018 KOJ6

Dok nr.	Dag	Besonderhede	Fol	Ontleding van Ontvangstes	Bank	Verkope	Koste van Verkope	Diverse Rekening		
								Bedrag	Fol	Besonderhede
					35 236	23 680	14 750	11 556		

KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN TEMBA HANDELAARS VIR JUNIE 2018 KBJ6

Dok nr.	Dag	Naam van Begunstigde	Fol	Bank	Handelsvoorraad	Krediteure kontrole	Diverse Rekening		
							Bedrag	Fol	Besonderhede
				28 670	13 120	7 450	8 100		

KREDITEUREJOERNAAL VAN TEMBA HANDELAARS VIR JUNIE 2018 KJ6

Dok nr.	Dag	Krediteur	Fol	Krediteure-kontrole	Handelsvoorraad	Verpakkingsmateriaal	Diverse Rekening		
							Bedrag	Fol	Besonderhede
				29 288	13 740	6 345	9 203		

KREDITEUREAFSLAGJOERNAAL VAN TEMBA HANDELAARS VIR JUNIE 2018 KAJ6

Dok nr.	Dag	Krediteur	Fol	Krediteure-kontrole	Handelsvoorraad	Verpakkingsmateriaal	Diverse Rekening		
							Bedrag	Fol	Besonderhede
				5 098	3 120	958	1 020		

DEBITEUREJOERNAAL VAN TEMBA HANDELAARS VIR JUNIE 2018 DJ6

Dok nr.	Dag	Debiteur	Fol	Verkope	Koste van Verkope
				18 600	11 625

DEBITEURE-AFSLAGJOERNAAL VAN TEMBA HANDELAARS VIR JUNIE 2018 DAJ6

Dok nr.	Dag	Debiteur	Fol	Debiteure-afslag	Koste van Verkope
				4 800	3 000

[12]

VRAAG 8 - PROEFBALANS

Die volgende is 'n uittreksel uit die Algemene Grootboek van Helix Skoonmaakdienste op 28 Februarie 2018.

VEREISTES:

8.1 Stel die Proefbalans van Helix Skoonmaakdienste op soos op 28 Februarie 2018.

Balansstaat Rekeninge Afdeling

Dt		Kapitaal					B1	Kt
					Feb 1	Bank	KOJ	80 000

Dt		Ontrekkings					B2	Kt
Feb	28	Bank	KBJ	8 800				

Dt		Handelsvoorraad					B3	Kt
Feb	28	Bank	KBJ	22 500				

Dt		Bank					B4	Kt	
Feb	28	Totale Ontvangstes	KOJ	108 600	Feb	28	Totale betalings	KBJ	58 700
							Saldo	o/b	49 900
				108 600					108 600
Mar	1	Saldo	a/b	49 900					

Nominale Rekeninge-Afdeling

Dt		Verkope					N1	Kt	
					Feb	28	Bank	KOJ	26 400

Dt		Koste van Verkope					N2	Kt
Feb	28	Bank	KOJ	18 000				

Dt		Verpakkingsmateriaal					N3	Kt
Feb	28	Bank	KOJ	9 400				

Dt		Huurinkomste					N6	Kt	
					Feb	28	Bank	KOJ	2 200

[9]


AFDELING C: 60

AFDELING D

ENTREPRENEURSKAP

VRAAG 9 – SEKTORE IN DIE EKONOMIE

Bestudeer die volgende prentjies voordat die vrae beantwoord word:



[Bron: Google Images]

- 9.1 Identifiseer en beskryf die sektor van die ekonomie wat in prentjie B uitgebeeld word. (2x1) (2)
- 9.2 Identifiseer en verduidelik die tipe / vaardigheidsvlak wat in prentjie A en prentjie C benodig word. (2x2) (4)
- 9.3 Definieer die term *volhoubare gebruik*. (2)
- 9.4 Die drie sektore is onderling verwant. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord. (3x2) (6)

[14]

VRAAG 10 – FUNKSIES VAN 'N BESIGHEID

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Die funksies van 'n onderneming is die hoofaktiwiteite waaraan die onderneming sal aandag gee om te verseker dat die onderneming effektief en doeltreffend funksioneer. Hierdie aktiwiteite word in agt funksionele gebiede verder verdeel naamlik: algemene bestuur, openbare betrekkinge, menslike-hulpbronbestuur, administrasie, finansies, bemarking, produksie en aankope.



- 10.1 Die bemarking van die produkte of dienste van 'n onderneming is baie belangrik. Identifiseer TWEE maniere waarop produkte bemark kan word. (2x1) (2)
- 10.2 Dui aan watter funksie is verantwoordelik vir die volgende:
- 10.2.1 Die keuse en aanstelling van die geskikste kandidaat vir die geadverteerde pos (2)
- 10.2.2 Bestuur al die insette en uitsette in die produksieproses (2)
- 10.2.3 Hantering van pos en liassing van dokumente in die onderneming (2)
- 10.2.4 Die bemarking en verkope van die produk (2)
- 10.2.5 Die opstel van die begroting van die onderneming (2)

[12]

VRAAG 11 – DIE BESIGHEIDSPLAN

MARY SE STORIE



Mary het haar studies opgeskort na die dood van haar pa en as die oudste kind was sy verantwoordelik vir die familie. Alhoewel sy geen ervaring het nie, het sy besluit om die “Weekend Child Care Centre” te open en uit haar motorhuis te bedryf, ’n diens slegs beskikbaar oor naweke. Sy het R20 000 gehad en dit gebruik as beginkapitaal waarmee sy baba-beddens, komberse, speelgoed, elektroniese speletjies, stoeltjies en tafeltjies mee gekoop het. Sy het ’n besigheidsplan opgestel waarmee sy nog beleggings wil lok. Sy het twee dames assistente in diens geneem. Haar onderneming lok ouers wat werk gedurende naweke asook persone met kinders, wat ander verpligtinge het oor naweke. Huidiglik is daar een ander Dagsorg, met goed opgeleide personeel in die area, maar hulle is slegs oop gedurende die week. Mary en haar personeel het nie enige opleiding gehad en hulle fooie is baie hoog. Daar is nie enige naskoolsentrum in die area nie.

[BRON: Aangepas uit Answer Series]

- 11.1 Verduidelik hoekom dit belangrik is vir ’n entrepreneur om ’n besigheidsplan op te stel. (2)
- 11.2 Die bemarkingsmengsel bestaan uit 4 P’s. Noem en bespreek enige TWEE van die 4 P’s. (2x2) (4)
- 11.3 Voltooi ’n SSGB-analise vir Mary se onderneming gebaseer op die bostaande inligting. (4x2) (8)
- [14]**

TOTAAL AFDELING D: 40

TOTAAL: 200

EINDE